# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 26 Februarie 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

Die Doop word vanoggend bedien aan JW, seuntjie van Roelf en Elsa Geldenhuys van GK Randburg. Baie welkom aan julle en ons is baie dankbaar saam met julle asook met oupas en oumas Hugo en Magda Huisman en Louis en Heleen Geldenhuys van ons gemeente.

Ons sluit vanoggend die paar preke af wat gehandel het oor ‘n blinde man se oë wat opgemaak word omdat Jesus alleen ons Hom kan laat sien vir Wie Hy is. Hy is God se lig en heerlikheid en ons het gekyk na die wyse waarop hierdie lig wat Christus bring, ons hele lewe moet deurlig soos in Jesaja se geval toe hy God op sy troon sien sit het. Ons het ook gelet op die waarskuwing van Jesus dat wanneer jy ongehoorsaam bly en in sonde volhard, dan sal sy lig jou blind maak.

Vanoggend hoor ons die heerlike en wonderlike boodskap: Jesus het ons lig gemaak, nou moet ons lewe as mense van die lig. Ons lig moet skyn in die duisternis van die wêreld waarin ons lewe. Paulus gebruik in Fil. 2 die mooi beeld dat ons soos sterre in die donker nag moet skyn om die donkerte te verdryf.

Wat ‘n groot en heerlike opdrag kry verbondsouers dan nie in hierdie verband nie! Dat hulle hul kinders as mense van die lig grootmaak sodat Jesus se lig in hulle harte skyn en hulle lig eendag die duisternis kan verdryf tot eer van Sy naam.

**Tema: Lewe as mense van die Lig in hierdie donker wêreld.**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Ps 33-1: 1, 3 en Ps 68-1: 1, 7

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 21-1:1, 2, 4; Seën; Sing Ps 89-1: 1, 6; Geloofsbelydenis: 12 Artikels

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Eks 20: 4 - 6 en HK Sondag 35; Sing Ps 19-1: 4; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Formulier vir bediening van die doop; Sing na die doop: Ps 105-1: 5;
Skriflesing: Efesiërs 5: 6 - 20 met teksverse Efes. 5 : 8 en 9;
Filippense 2: 12 - 18
Sing: Ps 36-1: 3 (Kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing Ps 72-2: 6; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

**KLEINGROEPBEDIENINGE**
Soos gereël in groepe.

**18:00 LOFSANGAAND**
Ons nooi graag al ons hoërskooljeug en naskoolse jongmense uit vir ‘n spesiale lofsanggeleentheid in die Skuur. Bring gerus ook julle vriende saam.

**MEELEWING**

- Sanet Ras se broer is die afgelope week oorlede. Ons bid haar en hulle familie die Here se troos toe.
- Ansie Jordaan is die afgelope week weer in die Potchefstroom hospitaal opneem vir toetse. Sy het slegte infeksie in die kornea van die regteroog en ontvang tuis behandeling.
- Hannetjie du Plessis het toetse en ‘n biopsie ondergaan en ons bid saam met hulle dat die uitslae gunstig sal wees.
- Ds Pieter van der Walt ondergaan Woensdag ‘n lensvervanging en ons bid hom spoedige beterskap toe.
- Ds Koos Mouton se nierfunksie neem af en hy ondergaan Donderdag ‘n operasie om ‘n dialise-poort in te plant sodat hy voortaan dialise kan ontvang om sy nierfunksie te ondersteun.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

**ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID**

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Erika Rood, Marie Oosthuizen en Rita Schutte.

**ONS VERWELKOM GRAAG VIR**

- Frans en Heidie vd Walt vanaf GK Centurion, hulle woon in Oudebrugweg 26, Groep 21. Hulle het die afgelope week ‘n sewende kleinkind met die naam Johannes ryker geword.
- Fanie en Neldi Prinsloo met Erasmus GK Wapadrant. Hulle woon in Bergbruidjiestr 1, Ailanto, groep 33.
- Johan Visser, wat opgeneem word in die GKSA. Hy is Roma Visser se man en hulle woon in Wilgestr. 22, Wilgeboomplotte, groep 6.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en sap
Kleuterbediening
Huisgeloof: Toerusting aan ons laer-skooljeug, hoërskooljeug en ouers
Kleingroepbediening
18:00 Lofsangaand gerig op ons hoërskool en naskoolse jeug.

**Dinsdag**
06:00 Manne ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie Gr 8 - 10

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
18:30 Elim-Bybelstudie

**Donderdag**
17:00 "Griefshare"
18:30 Ouderlinge: Blokvergadering - alle blokke saam

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Beide kollekte vir ons eie Diakonie (Groot boks en Klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Teol. studentekas.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 34 en 35.

## HUISGELOOF

Ons eerste huisgeloof-toerusting vir ouers en kinders vind vandag na die diens plaas.

**Ons tema is: God het my goed gemaak!**




Ons wil graag vanjaar fokus op ons kinders en hulle identiteit in die Here midde 'n wêreld waar identiteit en geslagtelikheid in chaos verval.

Ons laerskool (agterste saal) en hoërskool kinders (Elim) gaan afsonderlik op hulle leeftydsfase leiding ontvang hoe hulle hul eie identiteit in die lig van hierdie waarheid moet vorm en beleef.

Ons ouers kom in die kerkgebou bymekaar en gaan deur Pieter Joubert toegerus word hoe om hulle kinders sy of haar Godgegewe identiteit te aanvaar en te laat ontwikkel.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!



**Maandag, 27 Februarie**
Br Dirk Venter (Plot 535)

**Dinsdag, 28 Februarie**
Jsr Sandrie Olivier
Sr Elmarie Venter
Br Lou Venter *

**Woensdag, 1 Maart**
Sr Elsie Ferreira
Br Jan Riekert

**Donderdag, 2 Maart**
Sr Rose Oosthuizen *

**Vrydag, 3 Maart**
Br Banie Boneschans
Jbr Derick v Zyl

**Saterdag, 4 Maart**
Sr Sarita du Preez

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## ELEKTRONIESE MEDIA: DIEN-ELKANDER, WEBBLAD EN "GOOGLE-CALENDER"

Elke Sondag se Dien-elkander kan weekliks alreeds op Vrydae per e-pos of whatsapp aan u gestuur word. Kontak die kerkkantoor indien jy dit op een van hierdie maniere wil ontvang.

### Webblad en sosiale media:

Ons het die hulp van 'n jonger lidmaat/lidmate nodig om ons Webblad en sosiale media te diens met plasings en gereelde opdaterings. Gesels met ds Piet as jy graag hiermee sal help!

### Jaarkalender:

Ons gemeente se jaarkalender is ook elektronies beskikbaar met "google-calender". Laat weet die kerkkantoor indien jy aan die kalender gekoppel wil word.

## KEN-ELKANDER 2023

Ons is besig met finalisering van die Ken-elkander 2023 (gemeente se inligtingsboekie). Die kostes beloop R40 p/boekie. Skryf asb jou naam op die lys in die voorportaal van die Skuur vir 'n bestelling. Andersins kan jy dit ook elektronies ontvang. Lidmate wat in hierdie publikasie wil adverteer moet met die Kerkkantoor skakel.

## GKSA-NUUS

**Beroep ontvang**
Proponent Nardus Buys na GK Bothaville

**KERKBLAD**
Die Kerkblad is beskikbaar in die voorportaal van die Skuur vir lidmate wat daarop ingeteken is.

## KENNISGEWINGBORD

- Wanneer Jesus weer kom, waar sal ek wees? Boek geskryf deur Hans Malan. Beskikbaar by die Adminburo.
- Wêreldbiddag vir vroue: 2 Maart NG Potch die Bult

## ALGEMENE INLIGTING

## LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

---

**KONTAKBESONDERHEDE**

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 /
082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

---

**BANKBESONDERHEDE**

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!**





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Ansie Jordaan en groep 3, Marijke Faught en groep 12, Rolene vd Walt en grope 23, asook Engela vd Walt en groep 31.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**

## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal, van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## BAIE DANKIE

Baie dankie aan Elsie Ferreira en die susters van Blok D vir 'n kuier-geleentheid waarby ons soveel kon leer by Charity Kham. Dankie vir elke dame wat moeite gedoen het om die aand saam te kom geniet!

## KWARTAALPROGRAM

| **EERSTE KWARTAAL** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| 25-Feb | Saterdag | 09:00 | Bestuur | Bedieningsbesinningsdag |
| 5 Maart | Sondag | 18:30 | Blok A | Ouderlingverversings |
| 12 Maart | Sondag | 12:00 | Blok C | Nagmaalete |



# Oosdoppertjies

Ons kinders se deelname aan die erediens. Ons dink aan ons Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom!

Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk. Ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes. Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, het ons 'n Kinderblad vir hul laat uitdruk. Dit sal reeds voor die erediens in die voorportaal beskikbaar wees. Daar sal ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar wees. Hierdie kinderblad sal aktiwiteite bied wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. As ouers kan u ook u kinders in hierdie blaadjie begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

**Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste**

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)